EKOFAKTORKAMP 2019 IS HIER!

En jy is gekies om deel te neem!!

Gr 5 en 6

VEREISTES VIR DEELNEMERS : UITHOUVERMOË, ENERGIE, BAIE "GUTS"

Aangebied deur die Ekologie Projekspan, NG Kerk Oostelike Sinode

---

BELANGRIKE INLIGTING WAT JY MOET WEET:

Datum: **22 tot 25 September 2019**

Waar: **Bergenrivier Wegbreek (tussen Bronkhorstspruit, Groblersdal en Witbank)**

Koste: **R400-00**

Bankbesonderhede:

Bank : ABSA - Takkode 632 005
Rekeningnaam : NG Kerk Oostelike Sinode
Rekeningnommer : 1420 146 562
Verwysing: *Ekofaktor* en jou naam
Stuur bewys van inbetaling na*:* ontvangs@sinoos.co.za / faks 086 231 0363

Vervoer: Elkeen is verantwoordelik vir sy eie vervoer en ons kry mekaar om 15:00 by Bergenrivier. (Padkaart aangeheg). Woensdagoggend om 08:00 verdaag ons.

Wat moet 'n *Ekofaktor* deelnemer saamneem?

Jou Bybel, pen, ou klere, swemklere en handdoek, beddegoed, eetgerei, tekkies, 'n flits, hoed, sonbrandolie en baie energie! 'n Waterbottel vir die stap in die veld en 'n ekstra kombers vir die buite slaap Dinsdagaand - dit kan koud word. Bring jou kamera vir die fotokompetisie vir die beste natuurfoto's waar jy 'n prys kan wen. Ons gaan hierdie jaar op “my plek in die ekosisteem saam met die voëltjies en insekte” fokus.

Vir meer inligting:

Ds Hendrik Groenewald - 076 832 1150 / Ds Thinus Prinsloo - 082 920 6852

Stuur INSKRYWINGS- EN VRYWARINGSVORM aan:
Tersia Petzer, ontvangs@sinoos.co.za / faks 086 231 0363 / tel 012 804 9543

Daar is plek vir 40 deelnemers

Sluitingsdatum vir inskrywings: 13 September 2019

WAT DOEN ONS OP DIE KAMP?

Elke mens het sekere dinge nodig om van te leef waarvan verhoudings die kosbaarste is. Ons lewe almal in verhoudings met die mense rondom ons,maar het jy al ooit daaraan gedink dat ons ook in verhoudings lewe met alles wat God in Sy skepping op aarde gemaak het. Ons noem dit die ekosisteem waar alles en almal in verhouding tot mekaar lewe en wat met die een gebeur het 'n invloed op die res van die ekosisteem. By hierdie jaar se kamp gaan ons leer:

Hoe om op huis aarde te lewe in verhouding met alles wat God gemaak het. **Ons tema is : Noudat ek groot genoeg is, kan ek by die voëltjies leer waar is my plek in die ekosisteem.**

Lekker speel, met binnebande op die rivier afry, kleilat gooi, Moddersokker speel en met ketties teikenskiet en een aand buite onder die sterre slaap.

Kom geniet die kamp saam met ons!!

Ouers, stuur julle kinders, want so kweek ons 'n bewustheid by môre se geslag.

Hierdie kamp is dus bedoel om kinders eerstens bewus te maak van die ***natuur*** en die betekenis daarvan vir die mens, tweedens 'n ***liefde*** daarvoor aan te kweek en derdens saam te leer wat elkeen van ons kan doen om die aarde wat die Here vir ons gegee het, te bewaar. 'n Mens kan nie sê jy het die Skepper lief as jou optrede teenoor die skepping dit nie wys nie.

Net soos daar in enige huis goeie verhoudings nodig is sodat almal wat daar woon gelukkig en veilig kan lewe, so het die Here vir huis Aarde gemaak met als daarin wat in verhoudings met mekaar lewe en waarsonder lewe nie moontlik is nie. Om veilig en gelukkig hier te kan woon, moet ons leer hoe om in hierdie verhoudings met almal en alles te lewe. Die Here se verhale saam met mense in sy Bybel leer ons ook hoe waardevol verhoudings in Sy skepping vir Hom en vir ons wat daarin lewe.

Bergenrivier

INSKRYWINGSVORM VIR *EKOFAKTOR* KAMP
Bergenrivier, tussen Bronkhorstspruit, Groblersdal en Witbank
22 tot 25 September 2019

Vra jou ouers om die vorm in te vul:

JOU NAAM EN VAN: .....

GEMEENTE: .....

IS JY IN GRAAD 5 OF 6: .....

ADRES: .....

JOU GEBOORTEDATUM:.....

TEL NR (OUERS): .....

E-POS ADRES: .....

MEDIESE FONDS: .....

MEDIESE FONDS NR:.....
(Heg asb 'n afskrif van u mediese fonds kaart aan hierdie vorm)

ALLERGIEË:.....

ENIGE IETS ANDERS WAT U ONDER ONS AANDAG WIL BRING?

.....

FAMILIELID (NAAM EN NOMMER) WAT GEKONTAK KAN WORD INDIEN U NIE BESKIKBAAR IS NIE:

.....

***Handtekening.....Datum*.....**

E-pos inskrywings- en vrywaringsvorm voor 13 September 2019 aan Tersia Petzer
ontvangs@sinoos.co.za of faks: 086 231 0363

VRYWARINGSVORM VIR *EKOFAKTOR*KAMP
Bergenrivier, tussen Bronkhorstspruit, Groblersdal en Witbank
22 tot 25 September 2019

Hiermee verklaar ek .....

.....(ouer/voog: volle name en van)

woonagtig te .....

.....

Tel/Selfoon Nr .....dat ek as ouer/voog hiermee

toestemming verleen dat my kind .....

.....

die *Ekofaktokamp* mag bywoon en deelneem aan die aktiwiteite tydens die kamp, gedurende die tydperk 22 tot 25 September 2019 soos gereël en aangebied deur die Ekologie Projekspan van die Oostelike Sinode en/of gemagtigde verteenwoordigers en onder wie se toesig en beheer my gemelde kind sal wees tydens deelname aan die aktiwiteite, en vrywaar ek die gemelde Sinode en/of NG Kerk en/of verteenwoordigers teen enige eis(e) wat ek in my hoedanigheid as ouer/voog van gemelde kind mag hê wat mag ontstaan as gevolg van skade gely, beserings opgedoen of enige ander gebeurlikheid wat skade of besering tot gevolg mag hê weens deelname aan die aktiwiteite en doen ek insgelyks afstand van my reg om enige eis(e) weens sodanige skade, beserings of gebeurlikhede in te stel, behalwe in soverre as wat so 'n vrywaring of afstanddoening statutêr of gemeenregtelik ongeldig sou wees en enige vergoeding *ex gratia* aan my gemaak word deur voormelde instansies, sal nie geag word as 'n erkenning van aanspreeklikheid nie.

Geteken te.....Datum.....

Handtekening van ouer/voog: .....